

PROF. DR. ENGELBRECHT—'N VRIEND VAN DIE JEUG.

Met geleentheid van sy sewentigste verjaarsdag, wil die Raad vir Jeugwerk, namens die jeug van ons Kerk, aan die hooggeagte en beminde Prof. dr. S. P. Engelbrecht, Oom Fanie, ons gelukwensing en waardering oorbring. Ons wil dit dan so stel: Ons waardeer a. Sy gehoorsaamheid, diensbaarheid en regte gesindheid in sy jeugjare. b. Sy liefde en begrip vir die Jeug.

(a) Sy gehoorsaamheid, diensbaarheid en regte gesindheid.

Dit sal goed wees as iemand op die akker van die kerklike jeugarbeid, dit in die toekoms wil onderneem om die interessante verloop van die jeugjare van Prof. S. P. Engelbrecht te beskrywe.

Hy was een van die weiniges wat in die spontaniteit en entoesiasme van die jeugperiode homself diensbaar vir sy kerk gestel het. Wat meer is hy het dit gedoen in die rigting waarin hy deur God aanleg en talent ontvang het. Hierdie talent en besondere aanleg was op die terrein van die kerk-historiese navorsing geleë.

Van sy jeug af tot in sy hoë ouderdom het hy dan met toegewyde dankbaarheid, op die terrein gewerk. Hy het nooit moeg of mat geword nie. 'n Geslaagde lewe!

Oom Fanie het met liefde gedien. Hy dien nog steeds. Hy het eintlik nooit oud geword nie. Miskien is die geheim hierin geleë, dat hy in gehoorsaamheid, met liefde, in die rigting van sy aanleg gedien het.

'n Verdere mooi trek van sy jeug, wat verband het met sy diensbaarheid, is dat hy net so spontaan in dankbaarheid die groot-gebod-van-die-jeug, gehoorsaam was n.l. „Eer jou vader en jou moeder”. Vir sy eie ouers het hy die hoogste agting en waardering gehad.

Hy het egter die vyfde gebod ook in die sin van die Heidelbergse Kategismuskommentaar daaroor, gehoorsaam. Hy het naamlik diegenes wat hom as raadgewers en leermeesters gedien het, die eer gegee wat hulle toekom. Dikwels het ons hom met groot waardering hoor praat van Ds. van Belkum, Prof. dr. Obbink, Prof. dr. Muller, ens.

Dit is egter nie net hierdie geleerdes wat deur hom hooggeag is nie. Hoeveel ouderlinge, diakens en gewone lidmate se geskiedenis het hy nie opgeteken nie. Iemand wat met so 'n gesindheid staan teenoor hulle wat 'n goddelike opdrag vervul het, ontvang die belofte n.l. „dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat die Here jou God aan jou gee.”

(b) Liefde en Begrip vir die Jeug.

Iemand wat self 'n vrugbare diensbaarheid in sy jeug beoefen het, het in sy volwassenheid liefde en begrip vir die jeug. Dit geld in hoë mate vir Prof. S. P. Engelbrecht.

Sy studente het sy besondere belangstelling geniet. Hy was die vader van die gedagtes wat gelei het tot wat ons vandag in die twee studente-verenigings besit, n.l. die Van der Hoff Teologiese Studente Vereniging en die Hervormde Studente Vereniging. Die eerste aanloop tot die H.S.V. blyk uit die volgende uitnodiging wat aan studente gerig was:

„Aan Mej. A. Hekelmann,

Hiermee nooi Dr. en Mevr. Engelbrecht, u vriendelik uit om by hulle aan huis te kom tee drink, Sondag 20 Sept. 1931, 3 n.m. Die doel is onderlinge kennismaking van die studente van die N.H. Kerk.

Oplas L. le Roux.

NB Die Adres:

164 Lisdogan Laan, Arcadia.

Talle teologiese en ander studente het sy vriendelike raad en hulp ontvang.

Sy belangstelling in die jeug blyk op alle moontlike plekke. Op die straat, waar hy 'n bydrae in die bussie van 'n jong kollektant plaas, sal hy op fyn humoristiese wyse skertsend vra: „Maar wat beteken die naam op die bussie, is die Ned. Herv. miskien een of ander nuwe sektebeweging?” By die kerk, Sondagmôre sien ons hom dikwels glimlaggend en skertsend met 'n kind praat.

Prof. dr. S. P. Engelbrecht is 'n gawe van God in diens van sy Kerk. Geen afdeling daarvan ontgaan sy belangstelling nie. In sy groot en moontlik laaste arbeid, n.l. die uitbou van die Kerkargief, 'n meesterstuk, sal toekomstige navorsers op die verskillende kerklike terreine, ook op die van die jeugarbeid, die waardevolste materiale vind.

Mag hy nog lank gesondheid, wysheid en krag van Bo ontvang saam met Mevr. Engelbrecht, wat vir hom so 'n groot steun was.

L. M. le ROUX.